MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

23 February 2010

Malema is playing the blaming game

"The one similarity between Jacob Zuma's latest press conference and that of Julius Malema, is that it was difficult to understand the pre-prepared English statements read by them. A character trait that became apparent in Malema and that surpasses his obnoxious arrogance was his hypocrisy," said Rev Theunis Botha Leader of the Christian Democratic Party (CDP) and Acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA).

"Whilst defending his lavish, if not outlandish, lifestyle in a press interview, and stating that nobody had the right to ask what he earns or by what means he has accumulated his obviously quite substantial fortune. The 'struggling masses' with whose plight he claims to identify, were rioting in the impoverished streets of Orange Farm. Hurling rocks at police they were demonstrating their dissatisfaction with the ANC's service deliver, a party Malema slavishly supports."

"He has in the past sought to stir up racial conflict by blaming whites for the plight of the poor and saying that the country's wealth was still in the hands of the whites and that it needed to be taken from them by all means including nationalisation. He has, however, now shown that it is the ANC's cronies who head-up BEE companies and parastatals and Julius Malema who are really the rich, sponging on the poor, as they wastefully use tax-payers' money, that should have been earmarked for improving the lives of the poor, to prop up their badly managed and in many cases, failing, empires."

"It is time that the black masses of South Africa realise that it is these people that are singularly responsible for the state they find themselves in. Malema claims that his fortune is as a result of 'legal' business deals, and that may be so, but can it be morally justified?"

Malema probeer donkievye verkwansel

"'n Opvallende ooreenkoms tussen Jacob Zuma se mees onlangse nuuskonferensie en dié van Julius Malema was dat dit baie moeilik was om die vooraf-opgestelde Engelse verklarings te verstaan wat hulle voorgelees het. 'n Karakteristieke eienskap van Malema wat nou uitkristalliseer en wat selfs sy hinderlike arrogansie in die skadu stel, is sy skynheiligheid," sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratise Alliansie (CDA).

"Aan die een kant verdedig hy sy uitspattige lewenswyse tydens 'n personderhoud, en verklaar niemand het die reg om te vra wat hy verdien of hoe hy aan sy duidelik aansienlike rykdom gekom het nie. Hierteenoor het die armes van Orange Farm, met wie se saak hy aanspraak maak hy hom vereenselwig, in hul strate betoog. Die klippe wat hulle na die polisie geslinger het verteenwoordig protes teen die ANC se dienslewering, 'n party wat Malema blindelings ondersteun."

"In die verlede het hy al die rassekaart gespeel en gevoelens op hol gehad deur die lot van die armes op die blankes se brood te smeer, en verklaar dat die rykdom van die land steeds in die hande van wittes is en van hulle ontneem moet word, deur onder meer nasionalisering. Hy het egter nou eiehandig ontbloot dat dit die ANC se meelopers aan die hoof van SEB-maatskappye en semi-staatsinstellings, asook Malema self is, wat die werklike rykes is en op die armes teer, en belastingbetalersgeld wat vir die armes bedoel moes wees vermors, en sodoende hul persoonlike maar swak bestuurde en dikwels tuimelende ryke instop. "

"Dit is hoog tyd dat die swart massas van Suid-Afrika besef dat dit hierdie mense is wat eiehandig verantwoordelik is vir die toedrag van sake waarin hulle hul bevind. Malema maak daarop aanspraak dat sy welvaart die gevolg van wettige saketransaksies is, en dit mag wel so wees, maar kan dit moreel geregverdig word?"